

Ou Kaapse liedeboeke: 'n kultuurhistoriese studie

J.Celestine Pretorius

Posbus 70646, Die Wilgers 0041, Pretoria, Republiek van Suid-Afrika

Old Cape 'liedeboeke' (hymn books): a cultural historical study. A number of handwritten, decorated Cape hymn books, dating from the last quarter of the 18th and the first quarter of the 19th century have been preserved in archives and museums in South Africa. These old hymn books are unique manifestations of a spontaneous cultural creativity based on tradition but arising from and adapted to specific circumstances. The reasons why they came into existence are discussed. Biographical particulars about a few of the owners of hymn books are given and the origins of some of the words and melodies are explored. The Western folk art motifs used in the decoration of the hymn books, by artists like Hendrik Penninghof, are elucidated.

'n Aantal handgeskrewe, versierde Kaapse liedeboeke wat uit die laaste kwart van die 18de eeu en eerste kwart van die 19de eeu dateer, het in argiefbewaarplekke en museums in Suid-Afrika bewaar gebly. Die liedeboeke is 'n unieke voorbeeld van 'n spontane kulturele skepping, gegrond op tradisie, maar gebore uit en aangepas by besondere omstandighede. Aan die hand van voorbeeld wat bewaar gebly het, word gepoog om die redes vir die ontstaan van die liedeboeke te verduidelik. Biografiese besonderhede van die eienaars van 'n aantal liedeboeke word verskaf en aandag geskenk aan die oorsprong van die woorde en melodieë van liedere wat in die liedeboeke voorkom. 'n Beskrywing en verklaring van die Westerse volkskunsmotiewe wat deur volkskunstenaars soos Hendrik Penninghof in die versiering gebruik is, word gegee.

Enkele handgeskrewe Kaapse liedeboeke wat uit die laaste kwart van die agtiende en eerste kwart van die negentiende eeu dateer, het in argiefbewaarplekke en museums in Suid-Afrika bewaar gebly. Dié selfvervaardigde boekies — dikwels mooi versier — is 'n unieke voorbeeld van 'n spontane kulturele skepping, gegrond op tradisie, maar gebore uit en aangepas by besondere omstandighede.

Dit is opvallend dat daar in kultuurhistoriese museums in Wes-Europa baie min voorbeeld van handgeskrewe liedeboeke gevind word. Gedrukte liederboeke was in Europa vrylik beskikbaar, sodat daar geen besondere behoefte was om liedere met die hand oor te skryf nie. Na die verskyning van gedrukte liederbundels aan die Kaap in die tweede kwart van die 19de eeu, het die noodsaaklikheid om godsdienstige liedere met die hand af te skryf, hier ook verdwyn.

Die ou Kaapse liedeboeke, wat merendeels geestelike liedere bevat het, moet onderskei word van die liedboeke wat later in die 19de eeu, veral in die tyd van die Tweede Anglo-Boereoorlog, algemeen voorgekom het. Hierdie liedboeke was minder versier en het meer patriotiese en populêre liedere bevat.

"Kosbaarder as goud"

Getuienis dat liedeboeke teen die einde van die 18de en die begin van die 19de eeu aan die Kaapkolonie voorgekom het, kan in verskeie tydgenootlike geskrifte gevind word. Tydens 'n verblyf in 1797 in die Overberg by die warm bron nabij die huidige Caledon, het die bekende dagboekskryfster, Johanna Duminy, aangeteken dat sy en haar gesin besoek ontvang het van 'n 'buyteman' (boer) en sy vrou: 'Hij hat een menigte liederen van pijetyt (piëteit) die hij en zijn vrou song seer mooy'.¹ Tydens die eerste reis van die Skotse predikant, John Campbell, in die Kaapkolonie (1812–1814), met die doel om die sendingstasies van die Londense Sendinggenootskap te besoek, het hy by 'n boeregesin in dieselfde omgewing in die overberg oomag. Hy vertel: 'Mr Roos produced a small manuscript book of hymns, which the family seemed to prize as more precious than gold. They formed a circle, and sung three or four hymns without intermission.'² Die liedeboekies het blykbaar ook in Kaapstad voorgekom, want Mietje Heyneman, die verloofde van die bekende Charles Boniface, het op 15 Februarie 1817 aan hom geskryf dat hulle gesin 'n "lietjesboek" gehad het waarop hulle baie gesteld was?

Dit wil voorkom of die liedeboekies as uiters waardevolle besittings beskou is. Geen wonder dus dat hulle aan kinders of ander familielede bemaak is nie. Agter in die liedeboekie van Hester van Zijl, wat onlangs aan die dag gebring is, staan daar dan ook geskryf:

'Dit boekje moet na mijn Overlijden mijn Oudste Dochter Maria Suzanna Elizabeth hebben, en na haar overlijden, haar oudste Broeder, die dan nog in leven is; En zo voorts moet dit Boekje onder alle kinderen voort Geërfd worden van den Oudsten tot den jongsten: het zij dezelve kinderen hebben of niet'?

Dit moet die rede wees waarom daar na amper twee eeuw nog van die boekies bewaar gebly het.

Waarom liedeboekontstaan het

Dit is nie toevallig dat die meeste van die ou handgeskrewe liedeboeke wat bewaar gebly het, uit die laat agtiende en vroeë negentiende eeu dagteken nie. Aan die Kaap het amptelike sangbundels wat tydens kerkdienste in kerke gebruik is, wel bestaan, terwyl die Kapenaars tuis graag uit die bekende gewyde liederboeke van Sluiter, en Jacob en Johannes Groenewegen gesing het? (Figuur 1). Hierdie bundels is tydens die Groot Trek en daarna nog deur die pioniers gebruik.⁶

Dit wil voorkom of daar in die loop van die agtiende eeu onder party mense in die Kaapkolonie 'n behoefte ontstaan het aan liedere met woorde wat meer tot die gewone mens in sy daagliks lief en leed gespreek het. Daar is kultuurhistorici wat van mening is dat die Calvinisme in hierdie eeu in sommige kringe sy betekenis verloor het⁷ en dat kerkdienste oor die algemeen baie verstandelik en formeel geword het.⁸ Weens die gees van rasionalisme, oppervlakkigheid en weeldesug wat gewoonlik met die agtiende eeu verbind word, het die godsdiens blykbaar by baie mense 'n blote vorm en verstandelike aangeleentheid geword. 'n Behoefte aan 'n intenser persoonlike beleving van die godsdiens en sterker gevoelselement in die godsdiensbeoefening het gevvolglik ontstaan. Dit het teen die einde van die agtiende eeu aan die Kaap in die Piëtisme, 'n godsdienstige rigting wat reeds in die sewentiende eeu in Europa ontstaan het, tot uiting gekom.⁹ Die besef van eie sondigheid en die belangrikheid van bekering, het 'n groot rol in hierdie beweging gespeel. Aan die Kaap was veral di. Helperus van Lier en M.C. Vos voorstanders van die Piëtisme. Dit is opvallend dat dit met 'n toenemende belangstelling in die sending gepaard gegaan het.

Getuienis duï daarop dat die Piëtisme veral die Kaapse vrou sterk beïnvloed het. Die bekende reisiger, Lichtenstein, het in 1803 tydens sy besoek aan Roodezand (Tulbagh), waar ds. M. C. Vos predikant was, byvoorbeeld opgemerk dat die vrouens dikwels bymekaar gekom het om te bid en psalms te sing; hulle was vroom, stil en bedeeds, wat hy veral onder die jongmeisies onnatuurlik gevind het.¹⁰ Een van die verdere gevolge van die Pietisme op die Kaapse vrou was 'n betreklik omvangryke literatuur, waaronder dagboeke, sielsbelydenisse, godsdienstige briefwisseling en gedigte. In die geskrifte en gedigges van Catharina Allegonda van Lier, Machteld Smith, Christiana Thom, Dorothea Goosen, Helena Haubtfleisch en later Susanna Smit, blyk duidelik hoe intens baie vroue die godsdiens in hierdie tyd beleef het. Een van die opvallende verskynsels was die vervanging van die woorde van bekende psalms deur woorde van die digters. Dit is asof die ou



Figuur 1 Een van Willem Sluiter (1627-1673) se Gesangbundels: *Sommer en Winter Leven*.

Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

bekende woorde nie meer aan die eise van die gevoelsopwelting van die tyd voldoen het nie. Dit blyk duidelik uit die gedigges van Dorothea Goosen op die voorwand van die Groot Trek." Die versmaat van bekende psalms en gewyde liedere is dus gebruik vir die skepping van eie gedigte.

Afgesien van die bekende liederboeke van Sluiter, Groenewegen en Van Alphen, was daar in die 18de eeu min liederbundels aan die Kaap. Na die Britse oornname van die Kaapkolonie in 1806, het Nederlandse liederbundels die Kaap ook selde bereik. Buitendien het baie koloniste wat in groot afsondering in die binneland gewoon het, selde in Kaapstad of ander dorpe gekom. Om in die behoefte aan geliefkoosde godsdienstige liedere te voorsien, is hulle dus met die hand in selfgemaakte boekies opgeteken. So het die liedeboeke dan spontaan uit die behoefte van die tyd ontstaan.

Dit is belangrik om te onthou dat die Kaap koloniste 'n lang Europese tradisie van singboekies gehad het.¹² Vir die Nederlander van die 17de en 18de eeu was 'n liedboek 'n onmisbare deel van die huislike lewe (Figuur 2). Dit blyk uit die skilderye van die sewentiende-eeuse Nederlandse genre-



Figuur 2 Nederlanders het in die 17de eeu graag saatgesing.
Let op die liedeboekies op die tafel. Uit: G.D.J. Schotel, *Het Oud-hollandsch huisqezin der Zeventiende Eeuw* (Haarlem, 1868)

skilders. By elke gesellige samekoms, in watter stand ookal, is die liedboek voor die dag **gehaal**. In Nederland is talle liederbundels in die 17de en 18de eeu gepubliseer waaruit gesing kon word.¹³ Nederlanders wat na die Kaap gekom het, het die tradisie van singboekies met hulle saamgebring. Verskeie besoekers aan die Kaap het melding van die Kapenaars se liefde vir sang gemaak.¹⁴

Dit is duidelik dat dit nie toevallig is dat Kaapse liedeboeke wat bewaar gebly het, meestal aan vroue wat aan die einde van die agtiende en die begin van die negentiende eeu gebore is, behoort het nie. Soos later sal blyk, is **Hester van Zijl** in 1790 en **Anna Bester** in 1808 gebore. Ook **Gerbreg Catrina van Lochrenberg** wie se liedeboek in 1960 opgespoor is, is in 1790 gebore.¹⁵ **Helena Hauptfleisch**, die bekende digteres van die Le Roux-familie van Wellington, is in 1783 gebore.¹⁶ Volgens die watermerke op die papier van die bekende ‘Singboek’ van die familie Burger in die Argief van die Ned. Geref. Kerk in Kaapstad, dateer die drie dele uit die jare 1795 tot 1835.” Volgens G.G. Cillié is die feit dat baie psalms uit die psalmboek van 1773 met melodieë daarby in hierdie liedeboek afgeskryf is, ‘n aanduiding dat die afskrif gemaak is in ‘n tyd toe psalmboeke uit Nederland aan die Kaap moeilik bekombaar was. Dit dui op die tyd van die eerste Britse besetting (1795-1803) of die jare na die permanente oorname van die Kaapkolonie in 1806.¹⁸

Biografiese besonderhede van die eienaars van ‘n aantal liedeboeke

Hoewel liedeboeke waarskynlik taamlik algemeen moes voorgekom het, het slegs enkeles bewaar gebly. ‘n Aantal van hulle is met kleurryke volkskunsmotiewe versier, terwyl ander, soos die liedeboek van **Gabriel Jacobus le Roux**,¹⁹ geen versierings bevat nie. Genealogiese besonderhede van die eienaars van die liedeboeke word dikwels voor- of agter in die liedeboeke aangetref en lewer onteenseglik bewys dat die

meeste van hulle in die laaste kwart van die 18de en eerste kwart van die 19de eeu geleef het.

Die liedeboek van **Gerbreg Catrina Lochrenberg**.

In 1960 het ‘n ou liedeboek in ‘n Kaapse winkeltjie opgedui. Uit navorsing wat deur H.C. Hopkins gedoen is, is vasgestel dat die boekie aan **Gerbreg Catrina Lochrenberg** behoort het, ‘n dogter van Nicolaas van Loggerenberg en sy tweede vrou, **Geertruy Fortman**. **Gerbreg** (gebore ca. 1790), het met **Comelis Claaszen**, afkomstig uit Noord-Nederland, in die huwelik getree, waarna hulle blykbaar in die omgewing van Robertson gevestig het. Na die dood van Claaszen in 1814 het **Gerbreg** in 1815 met die 46-jarige wewenaar, **J. C. Friedrich Krotz**, wat uit Berlyn afkomstig was, op Swellendam in die huwelik getree.²⁰

Onder aan die versierde buiteblad van die boekie, staan: ‘Gemaakt door mij S E S (?) Kaltwasser’. Volgens Hopkins was **Susanna Elisabeth Sophia Kaltwasser** ‘n jonger suster van **Gerbreg Loggerenberg** en is sy in 1816 met **Johan Nikolaus Kaltwasser**, afkomstig uit Sakse-Gotha, Duitsland, getroud.²¹ Dit lyk of die twee susters Van Loggerenberg in die omgewing van Robertson gewoon het.

Hierdie ou liedeboek kon nie opgespoor word nie en die twee berigte in **Die Burger** is dus al wat daaroor bekend is.

Die liedeboek van die familie Burger

Hierdie liedeboek, wat in die Argief van die Ned. Geref. Kerk in Kaapstad bewaar word, is in 1950 op Steynsrust, in die O.V.S. aan prof. G.G. Cillié geskenk. Volgens familieoorlewing is die boek afkomstig uit die Burger-familie van Piketberg en is die liedere deur ‘n Hollandse onderwyser neergeskryf.

Die boek bestaan uit drie dele waarvan die eerste twee dele ouer as die derde deel is. Die papier vir deel 1 en 2 dra die datum 1795 in die watermerk, terwyl die derde die datum 1835 dra. Die eerste deel bevat hoofsaaklik die woorde en musiek van berymde psalms, die tweede, woorde van liedere met musiekverwysings en die derde slegs die woorde van liedere, in ‘n ander handskrif.²² Die liedere is besonder netjies afgeskryf en plek-plek met klein tekeninkies en kalligrafiese ornamentasie versier.

So tussen die psalms en ander gewyde liedere verskyn daar op pp.12 en 13 ‘n droewige gedig met die titel: ‘Saamen



Gele sel van een moeder nu int armele. Haer aller bestie dijen,
Want hert die lieve Tongeling, van Tederlike bonien,
Want ons moeders daer kom ons dor dieg. Want by ons droeg en goed,
Want ons moeders weg, lieg en goed. Haer nu steds myself moet,

Figuur 3 ‘n Lied uit die liedeboek van die familie Burger.

Argief van die Ned. Geref. Kerk., Kaapstad.

Spraak Tusschen Een Moeder en Har(haar) dogter Over het Assterven (afsterven) van haar minnaar'. 'n Meisie treur oor haar geliefde **Damon** wat **gesterv** het en by sy graf beloof sy ewige trou aan hom (Figuur 3). Daar is nege strofes van agt reëls elk, maar geen aanduiding of dit gesing moes word nie.

Die liedeboek van Sara Elizabeth Gouws (geb. Vosloo).

Hierdie liedeboek, wat in die Taalmuseum in die Paarl bewaar word, is die oudste van drie liedeboeke wat deur die Duitse onderwyser, Hendrik Penninghof, saamgestel en versier is. Sara Vosloo is in 1801 met Pieter Gouws (gedoop 1753), getroud.²³ In die geslagsregister word hy as 'n burger van Swellendam vermeld en dit is moontlik dat Penninghof in daardie omgewing onderwys gegee het, hoewel hy later na die omgewing van Cradock verhuis het.

Die liedeboek van Anna Remmerta Bester.

Hierdie liedeboekie is in private besit.

Anna 'Remmerta' Bester (1808–1829), was die sewende kind van Bemhardus Barend Jacobus Bester en Engela Helena de Klerk. Die naam 'Remmerta' is waarskynlik verkeerd afgeskryf en moet 'Renetta' wees, want in die huweliksregister is dit so aangeteken toe sy op 4 April 1825 met Johannes Francois Botha (gebore 19 Augustus 1803) op Cradock getroud is.²⁴ In die liedeboekie word die name van hulle drie dogters, gebore in 1825, 1827 en 1828, aangegee. Anna Bester was maar 22 jaar oud toe sy in 1829 oorlede is.²⁵

Op die voorblad van die liedeboek kom die handtekening van die Duitse onderwyser, Hendrik Penninghof voor, asook die jaartal 1823. Volgens Penninghof het Anna Bester die liedere self afgeskryf. Dit moes gebeur het voor sy met Botha getroud is (Figuur 4).

Die liedeboek van Hester van den Heever.

Hierdie liedeboekie wat geslagte lank in die Van den Heever-familie bewaar is, is onlangs ontdek. Hoewel die bladsye effens vergeel en die boekie plek-plek beskadig is, is dit nog in 'n betreklike goeie toestand, waarskynlik omdat dit in kalfsleer gebind is. Die boekie het oorspronklik aan Hester van Zijl (gebore Van den Heever) behoort. Dit is duidelik dat die boekie ook deur Penninghof versier is. Die liedere in hierdie boekie is deur Penninghof self neergeskryf. Die verband tussen hierdie liedeboek en die een van Anna Bester het gou duidelik geword.

Hester van Zijl (gebore Van den Heever) was 'n kleinkind van die stamvader, Jurgen Petersen van den Heever, wat in 1693 uit Holstein na die Kaap gekom het. Sy derde seun, Christiaan Mauritz, gebore 1735, het na sy huwelik met Maria Susanna Wiese, in die distrik Stellenbosch gewoon, waar Hester Maria, hulle vierde kind, in April 1790 gebore is.²⁶ Sy was 16 jaar toe sy op 2 November 1806 met die wewenaar, Jacob van Zyl (gebore 12 November 1778) getroud is. In die geslagsregister word slegs die name van Hester en Jacob van Zyl se twee oudste kinders vermeld, maar die name van die ander kinders is in die liedeboekie neergeskryf.²⁷

Na die dood van Jacob van Zyl is Hester Maria op 29 April 1832 op Cradock met die wewenaar, Johannes Francios Botha getroud. Botha se vrou Anna Remmerta, eienares van die liedeboekie wat hierbo beskryf is, is in 1829 oorlede.²⁸ Hester het heel moontlik na haar huwelik met Anna Remmerta se liedeboekie kennis gemaak. Omdat die onderwyser, Hendrik



Figuur 4 Die voorblad van die liedeboekie van Anna Remmerta Bester met die handtekening van die onderwyser, Hendrik Penninghof. Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

Penninghof, nog in die omgewing van Cradock onderwys gegee het, het sy hom waarskynlik genader om vir haar ook 'n liedeboek te maak.

Die stam- en singboek van J.I. Krauss

Hierdie boekie van James Isak Krauss (gebore 1820) in die Argief van die Ned. Geref. Kerk in Kaapstad, is deur Johan Diederik Ungerer opgestel. Voorin is die geslagsregister van Krauss en sy gesin, versier met eenvoudige hart-, ster- en sirkelblommotiewe. Die liedere in die singboekie bevat geen melodie-aanwysingsnie.

Woorde van die liedere

Daar is 'n opvallende ooreenkoms tussen die liedere in die verskillende liedeboeke wat bestudeer is. So bevat die boekie van Anna Bester 23 liedere waarvan 21 ook in die boek van Hester van den Heever, wat uit 60 liedere bestaan, opgeneem is.

Wanneer die inhoud van die liedeboeke bestudeer word, word dit duidelik dat sang 'n wesentlike deel van die godsdienstbelewing en die daagliks lewe in daardie jare was.

Daar is liedere vir verskillende tye van die dag, vir verskillende kalendertye van die Christelike jaar, vir belangrike gebeurtenisse soos die koms van ds. Vos na die gemeente Roodezand, vir boetedoening en die dood, maar ook vir vertroosting in tye van beproeing.

Dit was klaarblyklik gewoonte om soggens vroeg saam te sing, want die liedeboek bevat almal ‘Morgenliederen’, soos ‘Een opwekking des Morgens’ en ‘Morgengezang’. Een van die ‘Morgenliederen’ in die boekie van **Hester van den Heever** het die tipies vroulike titel: ‘Bij ‘t coffy of Thee drinken’.

Aandgesange, soos ‘Als men ‘s Avonds zich wil slaapen leggen’, word ook dikwels aangetref. Een daarvan klink so:

‘Wijl de zonne met haar straalen

Naar gewoont weer is gaan dalen

En zich elk ter neder leid

Tot de rust en slaap bereid,

Moet ik u mijn Heere loven

U mijn koning van hier boven

Met mijn Stem door dit gedicht

U te loven is mijn plicht’.

In die liedeboek van **Hester van den Heever** word liedere oor die geboorte, lyding en opstanding van Christus gevolg deur ‘n lied ‘Op’t Heilige Avondmaal’ en ‘Paasch Lied’. Liedere wat die liefde van Christus besing, is onder meer ‘Van de liefde Gods tot de Waereld’, ‘De vrolijke reizigers’ en ‘De rijke Bedelaar’.

Kenmerkend van die Piëtisme was die besef van die mens se sondigheid en sy boetvaardigheid, soos in ‘Een Zondaar beschreid met Smerten zijn zonden’, ‘Een overtuigde Zondaar verwondert zich over Gods eindeloze langmoedigheid’, ‘Een zondaar Ziet zijn verderfte gemoete en smeekt om genade’, ‘Boetezang en Verstroosting in Christus’, ‘Een verlegen Zondaar ziet zijne zonde en des Zatans magt en Hel’ en ‘Een klagende Ziele in Geestelijke Duisternis’. Dit is opvallend hoe die sterk sondebeseif in hierdie jare in geskrifte en gedigte tot uiting gekom het. So het Christiana Thom (1785–1816), eerste eggenote van ds. George Thom, in haar dagboek aangeteken: ‘Ik gevoel daagelyks dat ik meer liefde heb voor Jezus, voor hem die voor zondaars aan het schandhout gestorven is. Ik neem dagelyks toe in kennis, door lezen en gebed, maar ik gevoel dagelyks meer en meer myne zonden’.”

Vir tye van swaarkry is liedere van vertroosting in die boekies opgeneem, soos ‘Gebed in tijden van Oorlog en andere Landsplaagen’, ‘Troost in Kruis en Wederwaardigheid’ en ‘Eenzaam en Gemeensaam met God’. Dit is bekend dat liedere soos ‘O Groote Christus’ tydens die Groot Trek in tye van beproeing gesing is.³⁰ Ons weet ook uit die dagboek van Erasmus Smit dat vriendinne van sy vrou, Susanna, vir haar liedere gesing het om haar te troos na die dood van hulle seun, Salomon.³¹

Wanneer die dood genader het, is liedere gesing soos ‘Zielewensch om het Sterven te leeren’, ‘Een zondaar ziet dat hij zich tot bekeering moet haasten dewyl de tijd kort is’ en ‘Het laaste afscheid uit dit Leeven’, wat so eindig:

‘Lieve kinderen, mijn beminde,

Bloedverwandten, waarde Vrienden,

Vroom te leeven neem in acht,

God zij dank: het is volbracht!’

Daar is ook liedere oor die opstanding soos ‘Van de opstandinge aller menschen,’ Van de jongsten Dag’ en ‘Gewisselkis het haast de Tijd ...’

Die laaste lied in die boekie van **Hester van den Heever** is vol hoop ‘Op ‘t Nieuwe Jaar.’

‘n Gebeurtenis wat blykbaar groot opgewondenheid en blydskap in die godsdienstige gemeenskap aan die Kaap veroorsaak het, was die koms van ds. **M.C.Vos** (1759–1825) as leraar na die gemeente Roodezand (Tulbagh) in die Land van Waveren (Figuur 5). Hy het sy intreepreek in hierdie gemeente op 8 Maart 1794 gelewer.³² Dit toon weer eens die verband tussen die ontstaan van die liedeboek en die Piëtisme, aangesien ds. Vos ‘n vurige voorstander van hierdie beweging was. Hy was nie net ‘n charismatiese prediker nie, maar het ook rondgereis om afgeleë lidmate te besoek en te besiel. Sy koms na Roodezand het neerslag gevind in die lied ‘Lied gemaakt op de komst Van den Eerwaarde Heer M.C. Vos Als Leeraar in de Gemeynte te Waveren,’ wat in die liedeboek van die familie Burger en in **Hester van den Heever** se boekie voorkom. Die lied begin soos volg:

‘Land van Waveren gjij moogt roemen,

op een waarde en trouw gezant...’

In die agt strofes word onder ander verwys na ds. Vos se opleiding as predikant in Nederland en word ‘n beroep op die gemeentelede gedoen om hulle leraar getrou te volg. G.G. Cillié is van mening dat die lied waarskynlik deur die gemeente by geleenheid van die verwelkoming gesing is, aangesien kerkkore in daardie jare nog nie bestaan het nie.³³

Daar is reeds op gewys dat die woorde van ou bekende psalms in die liedeboek verander is. Die gediggies van Dorothea Goosen, wat in 1774 op die oosgrens van die Kaapkolonie gebore is, is ‘n goeie voorbeeld hiervan. In haar



Figuur 5 Ds. Michiel Christiaan Vos (1759-1825), van die gemeente Roodezand (Tulbagh), vir wie die lied ‘Een Lied Gemaakt op de komst van den Eerwaarde Heer M.C.Vos als Leraar in de gemeynte te Wareren (sic.)’ in 1794 gemaak is.

Foto: Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad.

verskillende kalendertye van die Christelike jaar, vir belangrike gebeurtenisse soos die komste van ds. Vos na die gemeente Roodezand, vir boetedoening en die dood, maar ook vir vertroosting in tye van beproewing.

Dit was klaarblyklik gewoonte om soggens vroeg saam te sing, want die liedeboeke bevat **almal** 'Morgenliederen', soos 'Een opwekking des Morgens' en 'Morgengezang'. Een van die 'Morgenliederen' in die boekie van **Hester** van den Heever het die tipiese vroulike titel: 'Bij 't coffy of Thee drinken'.

Aangesange, soos 'Als men 's Avonds zich wil slaapen leggen', word ook dikwels aangetref. Een daarvan klink so:

'Wijl de zonne met haar **straalen**
Naar **gewoont** weer is gaan dalen
En zich elk ter neder leid
Tot de rust en slaap bereid,
Moet ik **u** mijn Heere loven
U mijn koning van hier boven
Met mijn Stem door dit gedicht
U te loven is mijn plicht'.

In die liedeboek van **Hester** van den Heever word liedere oor die geboorte, lyding en opstanding van Christus gevogt deur 'n lied 'Op't Heilige Avondmaal' en 'Paasch Lied'. **Liedere** wat die liefde van Christus besing, is onder meer 'Van de liefde **Gods** tot de Waeerd', 'De vrolike reizigers' en 'De rijke Bedelaar'.

Kenmerkend van die Piëtisme was die besef van die mens se sondigheid en sy boetvaardigheid, soos in 'Een Zondaar beschreid met Smerten zijn zonden', 'Een overtuigde Zondaar verwondert zich over **Gods** eindeloze langmoedigheid', 'Een zondaar Ziet zijn verderfte **gemoete** en smeekt om genade', 'Boetezang en Verstroosting in Christus', 'Een verlegen Zondaar ziet zijne zonde en des **Zatans** magt en Hel' en 'Een klagende Ziele in Geestelike Duisternis'. Dit is opvallend hoe die sterk sondebeseft in **hierdie jare** in geskrifte en gedigte tot uiting **gekom** het. So het Christiana Thom (1785–1816), eerste eggenote van ds. George Thom, in haar dagboek aangeteken: 'Ik gevoel daagelyks dat ik meer liefde heb voor Jezus, voor hem die voor zondaars aan het schandhout gestorven is. Ik neem dagelyks toe in kennis, door lezen en gebed, maar ik gevoel dagelyks meer en meer myne **zonden**'.²⁹

Vir tye van swaarkry is **liedere** van vertroosting in die **boekies** opgeneem, soos 'Gebed in tijden van Oorlog en andere Landsplaagen', 'Troost in Kruis en Wederwaardigheid' en 'Eenzaam en Gemeensaam met God'. Dit is bekend dat **liedere** soos 'O Groote Christus' tydens die Groot Trek in tye van beproewing gesing is.³⁰ Ons weet ook uit die dagboek van Erasmus Smit dat vriendinne van sy vrouw, **Susanna**, vir haar **liedere** gesing het om haar te **troos** na die dood van hulle seun, **Salomon**.³¹

Wanneer die dood **genader** het, is **liedere** gesing soos 'Zielbewensch om het Sterven te **leeren**', 'Een zondaar ziet dat hij zich tot bekeering moet haasten dewyl die tijd kort is' en 'Het laaste afscheid uit dit **Leeven**', wat so eindig:

'Lieve kinderen, mijn beminden,
Bloedverwandten, waarde Vrienden,
Vroom te leeuen neem in acht,
God zij dank: het is volbracht!'

Daar is ook **liedere** oor die opstanding soos 'Van de opstandinge aller menschen,' Van de jongsten Dag' en 'Gewisselkis het haast de Tijd ...'

e gemeente Roodezand (Tulbagh) in die Land van Waveren (Figuur 5). Hy het sy intreepreek in **hierdie** gemeente op 8 Maart 1794 **gelewer**.³² Dit toon weer eens die verband tussen die ontstaan van die liedeboeke en die Piëtisme, aangesien ds. Vos 'n vurige voorstander van **hierdie** beweging was. Hy was nie net 'n charismatiese prediker nie, maar het ook rondgereis om afgeloë **lidmate** te besoek en te **besiel**. Sy komste na Roodezand het neerslag gevind in die lied 'Lied gemaakt op de komst Van den Eerwaarde Heer M.C. Vos Als **Leeraar** in de Gemeynte te Waveren,' wat in die liedeboek van die familie Burger en in **Hester** van den Heever se boekie voorkom. Die lied begin soos volg:

'Land van Waveren gij moogt roemen,
op een waarde en trouw gezant.'

In die agt **strofes** word onder andere verwys na ds. Vos se opleiding as predikant in Nederland en word 'n beroep op die **gemeentelede gedoen** om hulle leraar getrou te volg. G.G. Cillie is van mening dat die lied waarskynlik deur die gemeente by geleentheid van die verwelkoming gesing is, aangesien kerkkore in **daardie jare** nog nie bestaan het nie.³³

Daar is reeds op gewys dat die woorde van **ou** bekende psahns in die liedeboeke verander is. Die gediggies van Dorothea Goosen, wat in 1774 op die oosgrens van die Kaapkolonie gebore is, is 'n goeie voorbeeld hiervan. In haar geskrifte en gedigte wat in die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg bewaar word, blyk dat ook sy onder invloed van die Piëtisme **gekom** het, nadat ds. Vos in 1797 die Graaff-Reinetse omgewing besoek het.³⁴ Dorothea Goosen het vir sommige bekende psalms haar eie woorde **gemaak**, **byvoorbeeld** vir Psalm 100. Dit is opvallend dat sy in **hierdie** gediggies die woorde 'God' deur 'Jesus' vervang, wat nie in die psalms van die **Ou** Testament aangetref word nie. Skrywers soos A. de Villiers wys daarop dat die godsdiens van die pioniers hoofsaaklik om die **Ou** Testament gesentreer **het**.³⁵

Hoewel baie van die woorde in die liedeboeke die indruk van rymelary skep en sekerlik nie hoogstaande poësie is nie, wek dit nietemin die indruk van diepe ontroering en godvrugtigheid. Wie die woorde van die **liedere** geskryf het, is nie altyd bekend nie. Ons weet **egter** dat Catharina Allegonda van Lier (1764–1793), **suster** van die bekende voorstander van die Piëtisme, ds. **Helperus Ritsema** van Lier, die digteres was van Gesang 28, wat opgeneem is in die 'Evangelische Gezangen' wat in 1807 in die Hervormde Kerk in Nederland in gebruik **geneem** is. **Hierdie** gesang is **veral** tydens die Groot Trek in tye van swaarkry en **onrus** graag gesing en begin met die bekende

Welkomslied vir ds. M.C. Vos (Tulbagh, 1794)

Geeft een aalmoech voor de blind
Hand van Waveren gr...oegt Roemen Op uw stand en trouw ge-zant
en ons Vos den heilige...neem Den ge-meysteran ro-de Zant
Die u in des...ba...da...gen Die u...n God...lee-van-layd
Door God...ker is toe...ga...gen
Heeft hem welcom heeft hem Welcom Volgt Zy leen het is nuttig

Figuur 6 Die melodie van die Welkomslied vir ds. M.C.Vos (Roodezand, 1794) op die wysie van 'Geeft een aalmoech voor de blind', opgeteken deur G.G. Cillie. Foto: vergunning G.G.Cillie.


Heever se boekie aangetref word, is vermoedelik van Franse oorsprong en kom in baie Nederlandse en Franse liedeboeke uit die vroeë 17de eeu voor.⁴⁵

Versiering

Daar is reeds op gewys dat liedeboeke kosbare besittings was. 'n Mens kan dus verstaan dat pogings aangewend is om hulle te versier, 'n taak wat dikwels deur die rondgaande onderwysers verrig is. Omdat baie van hulle in die *jare* toe die liedeboeke ontstaan het, van Nederlandse en Duitse herkoms was, het tipiese Westerse volkskunsmotiewe hulle verskyning in die versiering van die liedeboeke gemaak.

Die liedeboek van die familie Burger is volgens oorlewering deur 'n Nederlandse onderwyser saamgestel, maar skryffoute soos 'voegelen' vir 'Vogelen', 'aanbedelyk' vir 'Aanbiddelijk', 'Hooft' vir 'Hoofd' en ander, dui daarop dat die 'Hollandse onderwyser' waarskynlik 'n Duitser was. In dié liedeboek kom slegs pentekeninge voor, met lowertakkies en voëls — simmetries geplaas — as motiewe. Opskrifte word met netjies-versierde letters en kalligrafiese krulle aangedui. Die sierlike handskrif en die feit dat die melodieë besonder netjies afgeskryf is, wek die indruk dat die opsteller van die liedeboek 'n deeglike opleiding moes geniet het. Die onderwysers het waarskynlik boeke met voorbeeldte van kalligrafiese versiering uit Europa saamgebring of dit in die Kaap gekoop.

Hoewel die liedeboek van Gerbreg Lochrenberg, wat in 1815 gemaak is, verlore geraak het, weet ons dat dit deur een Kaltwasser opgestel is. Daar is reeds melding gemaak van die feit dat Gerbreg se suster, Susanna Elizabeth Sophia Locherenberg, in 1816 met Nikolaus Kaltwasser, 'n Duitser uit



Figuur 7 'n Foto van die voorste bladsy van die liedeboek van Gerbreg Lochrenberg. Die oorspronklike liedeboek het verlore geraak.
Foto: Die Burger, 145.1960.



Figuur 8 Twee voëltjies op 'n blom, uit die liedeboek van Gerbreg Lochrenberg.
Foto: Die Burger, 145.1960.

Sakse-Gotha, getroud is.⁴⁶ Waarskynlik het hy haar met die versiering van die liedeboek gehelp. Omdat die liedeboek verlore geraak het, weet ons slegs uit 'n koerantbeskrywing wat die aard van die versierings daarin was. W.E.G. Louw gee die volgende beskrywing: twee volmaak simmetriese sekretarisvoëls; twee hoepoes, met lang, geboë snawels en kuiwe wat so kordaat pik-teen-pik staan; die vreemde veeragtige plante in potte wat byna soos pouserte staan; met heeltemal aan die einde twee ankers . . .⁴⁷ Twee afbeeldings wat hierby verskyn, toon twee simmetries-geplaaste blomme wat na suikerbosse lyk en 'n protea met die twee voëltjies waarvan Louw in die koerantartikel melding maak (Figuur 7 en Figuur 8).

Oor wie vir die versierings in die liedeboeke van Sara Gouws, Anna Remmerta Bester en Hester van den Heever verantwoordelik was, bestaan daar geen twyfel nie, aangesien Hendrik Penninghof se handtekening op die Bester-liedeboek voorkom. Dit is weer eens opvallend dat Penninghof 'n Duitse onderwyser was — afkomstig uit Minden, Pruisie — wat in die omgewing van Cradock onderwys gegee het en in 1834 op die plaas van Jacobus Marais in die distrik Cradock oorlede is.⁴⁸ Hy was ongetroud en het, soos die meeste rondgaande onderwysers, by sy sterwe nie veel aardse besittings nagelaat nie, maar wel meer as twintig boeke en apparaat om boeke met leer te bind.⁴⁹ Penninghof het ook die geslagsregister van Willem Jacobus Pretorius (geb. 17%) en Catharina Maria Magdalena Marais (geb. 1795) opgestel en versier met dieselfde motiewe as wat hy in die liedeboeke gebruik het.⁵⁰ Anna Bester was blykbaar voor haar huwelik in 1825 een van Penninghof se leerlinge, want agter in haar liedeboek het hy die volgende geskryf:

'Dit Liedeboekje is eigenhandig geschreven door de jonge juffrouw Anna Remmerta Bester: En dewijle

grooten vlijt in leeren en schrijven van dezelve deugdzaame jonge juffrouw betoont is, zo heb ik dit boekje voor haar ingebonden en eenigzins verziert, in mijn ouderdom van Drie en sestig jaaren. Wenschenden dat nog meer zulke gehoorzaame en Leergierige en Deugdzaame jonge menschen door mij mogen onderwezen worden.'

Volkskunsmotiewe in die Penninghof-liedeboeke

Die motiewe wat deur Penninghof as versiering gebruik is, is tipies Westerse volkskuns. Dieselfde verskynsel het in die Verenigde State van Amerika voorgekom, waar talle Duitse en Switserse koloniste hulle **veral** in Pennsilvanië **gevestig** het en onderwysers in hulle picturale volkskuns dieselfde **motiewe** gebruik het. Tipies van die volkskuns, word daar voorkeur aan ou oorgelewerde **motiewe gegee** en speel realisme nie 'n groot rol in die versiering nie. Inheemse blomme en voëls kom dus selde as **motiewe** voor.

In die liedeboeke wat deur Penninghof versier is, neem die roos onder die blomme die belangrikste plek in (Figuur 9). Die eenvoudige voorstelling van die roos met vyf kroonblare het oorspronklik waarskynlik uit 'n stilering van die wilderoos of eglantier **ontstaan**,⁵¹ en word ook in die heraldiek só gebruik. Hierdie blommotief staan ook bekend as die Roos van Saron, na aanleiding van 'n struik (*Hibiscus Syriacus*), afkomstig uit Oos-Asië. Dit is interessant dat dit dikwels in die volkskuns van die Duitsers in Pennsilvanië **voorkom**.⁵² Die roos word gewoonlik met skoonheid, vreugde en geluk **geassosieer**.⁵³

Penninghof maak op **besonder** dekoratiewe manier van die tulp as siermotief gebruik (Figuur 10). Afkomstig uit die **Nabye** Ooste, waar dit as 'n simbool van volmaakte liefde beskou is, is die tulp in die 17de eeu op groot skaal in Europa gekweek. Die tulpmotief is reeds in die 16de eeu in die Duitse



Figuur 9 Roos-van-Saron motief uit die liedeboek van Hester van den Heever.

Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

*Die gij my heet toegebragt.
Die kinders my kinders,
Bloedverwanten my vrienden,
Hou my lewe nooit in acht;
God my dank: Hat is volbracht.*



Figuur 10 Tulpmotief uit die liedeboek van Hester van den Heever. Die tulp is met sigsaglyne en 'n hart versier.

Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

en Nederlandse sierkuns opgeneem en het mettertyd ook in die volkskuns as motief **verskyn**.⁵⁴ Dit is opvallend dat dit een van die gewildste **motiewe** in die picturale volkskuns van die Duitsers in Pennsilvanië geword **het**.⁵⁵ Tipies van die volkskunstenaar, wat hom nie veel aan realisme en perspektief steur nie, bring Penninghof allerlei versierings soos sigsaglyne op die tulp aan en plaas 'n hart in die middel.

Net soos die tulp, is die **angelier** ook uit die **Nabye** Ooste afkomstig en het dit 'n gewilde versieringsmotief in Europa geword. Met sy waaiervormige kroon en delikaat getande blomme, verskyn die **angelier** dikwels in picturale volkskuns, knipwerk en tekstiel (Figuur 11). Die rooi **angelier** word as simbool van bewondering, **hartstog** of van die huwelik **beskou**, terwyl pienk angeliere, soos in Penninghof se **versierings**, 'n simbool van moederskap is.⁵⁶

In die Europese volkskuns is die vaas met blomme (Figuur 12) een van die algemeenste en mees geliefde **motiewe**. Dié motief dateer uit die tyd van die Renaissance. Dit is 'n **besonder** dekoratiewe ontwerp, gewoonlik simmetries **uitgevoer**.⁵⁷ Die vaas word soms ook met die lewewegende water **geassosieer**,⁵⁸ en in die Christelike simboliek met die menslike liggaam as omhulsel van die **siel**, vandaar die voorkoms van die vaas of kruik op **grafstene**.⁵⁹ In die liedeboeke van Penninghof kom die vaas met blomme nie dikwels voor nie.

Ook die boom — 'n baie algemene volkskunsmotief — kom slegs enkele kere in die liedeboeke voor (Figuur 13). Aan die oeroue motief van die lewensboom word uiteenlopende **simboliese** betekenis toegeskryf. Die vemaamste daarvan is dat die kringloop van die lewe, soos dit in die **botsels**, bloeiels, vrugte, vallende **blare** en blaarloose takke gemanifesteer word, ooreenkoms met dié van elke lewende wese — ook van die mens. Die immergroen boom is 'n simbool van **onsterfliekheid**.⁶⁰ Die donkergroen **blare** en geel vrugte van die boom in



Figuur 11 Die angelier — ‘n ou volkskunsmotief — in die liedboek van Hester van den Heever. Angeliere vorm saam met die roos, tulp en twee voëltjies ‘n besonder dekoratiewe versiering. Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

Penninghof se liedboeke lyk na dié van ‘n lemoenboom, wat betreklik algemeen in Cradock se omgewing voorkom.

Die hart as oeroue liefdesimbool word dikwels in die liedboeke aangetref. Die hart het reeds in die 12de eeu as simbool van liefde in Europa voorgekom en het deur die eeu heen ‘n uiters populêre volkskunsmotief gebly. Dit is gewoonlik aangetref op voorwerpe wat as liefdesgeskenke bedoel is en op die bruidsuitset. In Pennsilvanië was dit ‘n geliefde motief in die sierkuns van die Duitsers wat daarheen verhuis het.⁶¹ Die hart het met verloop van tyd ook ‘n simbool van Christelike liefde geword.⁶² Dit is dus geen toeval dat Penninghof se versiering by die deel van die liedboeke wat met die Nagmaal en Paasfees te doen het, in die vorm van harte was nie. Sy gebruik van vier harte saam as versieringsmotief, is een van die bekoorlikste voorbeelde van volkskuns wat nog in Suid-Afrika opgespoor is (Figuur 14).

Op verskeie van die versierings in die liedboeke van Penninghof kom die bekende motief van die twee voëltjies voor wat, soos W.E.G. Louw dit stel, ‘kordaat pik-aan-pik’ staan — ‘n geliefde volkskunsmotief (Figuur 10 en 11). Soms staan die voëls ook met die rug na mekaar gekeer. Hoewel party voëls soos die duif, haan, pou en pelikaan simboliese betekenis het, steur die volkskunstenaar hom gewoonlik nie baie aan ‘n getroue weergawe van ‘n spesifieke soort voël nie (63). Of die voëltjies in Penninghof se liedboeke, met hulle skraal lyfies en groot snawels, ‘n spesifieke soort voël voorstel, is dus onwaarskynlik. Daar word wel simboliese betekenis aan voëls in die algemeen as sinnebeeld van die menslike gees, van verbeelding en van vryheid geheg.⁶⁴

Waar Penninghof die agtpuntige ster as motief gebruik, ontstaan die vraag of dit diepere betekenis het of bloot ‘n

dekoratiewe figuur is. Die ster kan naamlik maklik met ‘n passer en liniaal gekonstrueer word. Die ster word nietemin beskou as simbool van verhewenheid, oppermag, onsterflikheid en prestasie.⁶⁵ Die agtpuntige ster, ook bekend as die ster van Bethlehem, kan ook op die geboorte van Christus dui.⁶⁶ In Anna Bester se lieudeboelie gebruik Penninghof die ster by ‘n lied oor die afskeid van die lewe. In Hester van den Heever se lieudeboek kom die ster ook by ‘n lied oor ‘n verlange na die ewigheid voor:

‘Bij den Kristalynen Bron

Verre boven Maan en Zon...’

Sou die ster hier op onsterflikheid dui? (Figuur 15)

Penninghof het beslis kennis van die kalligrafie gehad, want in die lieudeboeke van Anna Bester en Hester van den Heever kom sierlike kalligrafiese ornamentasie voor (Figuur 16). Die kalligrafie was ‘n eeue-oue kuns in Europa, waar boeke met voorbeeld van sierskrif algemeen verkrygbaar was en sierskrif deel van die opleiding van onderwysers gevorm het. In die Europese volkskuns en dié van die Duitsers in Pennsilvanië in die VSA, kom kalligrafiese versiering dikwels voor.⁶⁷ In Suid-Afrika was skoenskrif in vorige eeue een van die belangrikste vereistes waaraan ‘n onderwyser moes voldoen.

Sktyf- en skildermateriaal

In die lieudeboek van Gerbreg Lochrenberg wat verlore geraak het, was ‘n afbeelding van die instrumente wat die kunstenaar



Figuur 12 ‘n Vaas met blomme in die liedboek van Hester van den Heever. Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.




Figuur 13 'n Tekening van 'n boom in die liedeboek van Hester van den Heever.

Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

vir die versiering gebruik het, naamlik twee veerpenne, 'n liniaal, 'n potlood, 'n passer en 'n sakmes.⁶⁸ Volgens ou modelboeke is tot in die 19de eeu met houtskool, gans-, eend-, pou- of kraaiveerpenne en swart loodpotlode geskryf of geteken. Om 'n fout mee uit te wis, kon die kunstenaar van eendstertvere of *stukkies* brood gebruik maak. Nadat die staalpenpunt in die vroeë 19de eeu algemeen in gebruik gekom het, het die skryfkuns aanmerklik verbeter.⁶⁹ Staalpuntpenne kon in die twintigerjare van die 19de eeu reeds aan die Kaap gekoop word, maar was waarskynlik nog nie algemeen in gebruik nie. Onderwysers soos Penninghof, moes dus nog met veerpenne geskryf het. Veerpenne kon klaar gekoop word, of is self gesny, gewoonlik van *gansvere*,⁷⁰ want troppe ganse is op die meeste plekke aangetref.


Hoewel ink reeds in die vroeë 19de eeu in die Kaap gekoop kon word, was mense in die afgesonderde binneland dikwels verplig om hulle eie ink te maak. So weet ons dat die Voortrekkerleier, Louis Tregardt, se vrou Martha, ink van waboomblare gekook het. Die blare, blomme en wortels van sekere plante soos die kruisbessie, nastergal, en granaatwortels, asook buskruit, ystervylsels en asyn is vir die maak van ink gebruik.⁷¹ Die ink wat deur Penninghof in die liedeboeke gebruik is, was gekoopte ystergallus-ink, wat eeue lank reeds in Europa gebruik is. Dit het 'n tannienbasis gehad, wat gewoonlik verkry is uit galneute, 'n abnormale uitgroei op plante weens aanvalle deur 'n wesp wat eiertjies in die uitgroeiels gelê het. Deur ystersulfaat by te voeg, het die kleur donkerder geword. Hierdie ink was blybaar aan die Kaap in




Figuur 14 'n Besonder mooi verwerking van die hartmotief, deur Hendrik Penninghof in die liedeboek van Hester van den Heever. Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

die vorm van poeier of vloeistof beskikbaar.⁷² Die bekende Stephens-ink het eers in die dertigerjare van die 19de eeu op die mark verskyn.⁷³

Vir die kleurryke versierings is waterverf gebruik. Saamge-



Figuur 15 'n Versierde agtpunt-ster in die liedeboek van Hester van den Heever. Hierdie ster staan ook as die ster van Bethlehem bekend. Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.



Figuur 16 Sierlike kalligrafiese ornamentasie deur Hendrik Penninghof in die liedeboek van Hester van den Heever.

Foto: Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria.

perste blokkies waterverf het eers in die 19de eeu op die toneel verskyn. Voor die tyd moes kunstenaars hulle eie pigment in 'n vysel of op 'n stuk marmer verpoeier. Dit is met Arabiese gom of ook met suiker, melk of stysel gemeng om dit te bind. Hieroor was daar talle resepte. So het die Duitsers in Pennsilvanië die gom van die kersieboom en whisky as bindmiddel gebruik.⁷⁴

Die vier basiese kleure — blou, groen, geel en rooi — wat Penninghof in die liedeboek gebruik het, was van minerale oorsprong.⁷⁵ Die blou verf of ultramaryn, was van die lasuursteen (*lapis lazuli*) afkomstig. Dit het 'n helder, diepblou kleur verskaf. Die rooi kleur is verkry van verpoeerde cinnaber (*kwiksulfaat*), 'n helder rooi mineraal. Verpoeerde cinnaber is vermiljoen genoem. Chroomgeel is 'n pigment wat uit loodchromiet verkry is, terwyl die groen pigment in kopergroen (*koolsuur-koper*) gevind is. Ander skakerings kon uit mengsels van hierdie kleure verkry word. As bindmiddel het Penninghof Arabiese gom (afkomstig van acaciaborne) gebruik. Dit is merkwaardig dat die kleure in die liedeboeke na amper twee eeue nog so helder gebly het.

Slot

'n Studie van ou Kaapse liedeboeke vestig die aandag op 'n aantal opvallende kultuurverskynsels.

In sy kulturskeppinge het die mens nog altyd 'n besondere vermoë aan die dag gelê om by omstandighede aan te pas. In hierdie geval het die isolasie waarin die meeste koloniste aan

die Kaap gewoon het, gepaardgaande met die invloed van die Piëtisme, tot die ontstaan van handgeskrewe liedeboeke gelei. Die feit dat pogings aangewend is om die liedeboeke te versier, vestig die **aandag** op die menslike behoefté aan verfraaiing en versiering, een van die eienskappe wat hom van die dier onderskei en wat deur die eeu heen — selfs onder die moeilikste omstandighede denkbaar — **oral** op aarde tot uiting gekom het. In **hierdie** oopsig het die onderwysers wat vir die meeste van die versierings verantwoordelik was, 'n belangrike rol gespeel. In die **binneland** van Suid-Afrika, waar die **kunste** in die **pioniersomstandighede** vanselfsprekend nie 'n hoë prioriteit geniet het nie, was die onderwysers dikwels die jeug se enigste bron van kennismaking met die estetiese. Dit was ook hulle wat aan die drang na verfraaiing onder die mense in die afgesonderde **binneland** gestalte gegee het.

Ou Kaapse liedeboeke is kosbare kleinode. Die hoop word uitgespreek dat nog van hulle aan die lig sal kom, sodat hulle vir die nageslag bewaar kan word.

Summary

A number of handwritten, decorated Cape hymn books dating from the last quarter of the 18th **and** the first quarter of the 19th century have been preserved in archives and museums in South Africa. This cultural historical study explores the origins and characteristics of these books.

Evidence of the existence of handwritten hymn books is found in **contemporary** literature. It appears that the books were regarded as precious possessions and were consequently bequeathed by parents to their children, which **accounts** for the fact that a number of them have been preserved for posterity. In spite of the **existence** of official hymn books **used** in church and the familiar hymn books of Sluiter and Jacob **and** Johannes Groenewegen, a **need** for songs which reflected the religious emotions of the people developed in the Cape Colony during the last quarter of the 18th century. This coincided with the growth of Pietism, a religious movement which played a significant role during these **years**. Moreover, painted Dutch hymn books were scarce at the Cape, especially **after** the British had **annexed** the colony at the turn of the century. Favourite songs or hymns were consequently **written** down by hand in home-made books. It is obviously no coincidence that the handwritten hymn books which have **survived**, date from the end of the 18th and **beginning** of the 19th century. It is also well known that singing was **very** popular with the colonists in the Cape Colony — a tradition which originated in the European countries they had **come** from.

Amongst the old Cape hymn books which have survived, the most important are **those** of Gerbreg Catrina Lochrenberg (born ca. 1790), the family Burger (**compiled** ca. 1795), Sara Elizabeth Gouws (**married** 1801), Anna Remmerta Bester (born 1808), Hester van den Heever (born 1790) and James Isak Krauss (born 1820). Three of these were decorated by the same German schoolmaster.

The words of the hymns in the books mentioned above show a marked similarity. Hymns for different **times** of the day, for the main Christian religious festivals and for consolation in times of **hardship** are found in **all** of them. Songs about repentance are the most common, a significant characteristic of Pietism. The arrival of the Reverend M.C.Vos, an active

supporter of Pietism, as minister of the congregation of Roodesand (Tulbagh) is celebrated in a special song. Although the words are often mere doggerel, it is clear that they had sprung from great piety and emotion. It is, however, seldom known by whom the words were composed.

The melodies were seldom notated. Usually only the title of a well-known song is provided. For most people this was sufficient as they knew the hymns by heart. A considerable amount of research about the origin of these melodies has been done by C.C.Cillie and J.Bouws and has been published.

An interesting aspect of the old hymn books is their decoration. This was done mostly by Dutch and German schoolmasters, who played a significant role in the isolated interior of the country, where there was little time or inclination for art. Western folk art motifs are easily discernible in the decoration, especially in the books which were decorated by Hendrik Penninghof, a German schoolmaster who lived in the district of Cradock and died there in 1834.

The most common motifs used were the much-loved rose, tulip and carnation; also the vase with flowers and the tree of life. The heart as a Christian symbol of love is used as motif to decorate songs about the birth and death of Jesus Christ. Other motifs include the star and the ever popular bird, a universal symbol of the human spirit. Western folk art motifs are traditionally stylized and often have symbolical meaning. To the folk artist a realistic portrayal of nature is not important.

Materials for pictorial decoration, especially ink and paint, were difficult to obtain in the far interior of the country. The four basic colours, blue, green, yellow and red, which were used in the hymn books, were of mineral origin. The raw material was pulverized by using pestle and mortar and usually mixed with gum arabic. It is remarkable how well the paintings have kept their colour after almost two centuries.

The study of old Cape hymn books has led to the realisation that they are unique manifestations of a spontaneous cultural activity, based on tradition but arising from and adapted to specific circumstances.

Vetwysings

1. J.L.M.FRANKEN, *Duminy-Dagboek* (Kaapstad, 1938). pp. 107 en 101.
2. JOHN CAMPBELL, *Travels in South Africa* (Cape Town, 1974), p.22.
3. J.L.M.FRANKEN, Uit die lewe van Charles Etienne Boniface, *Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, Jaargang XV, Reeks B, nr. 1 (Kaapstad, 1937), p.28.
4. Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Pretoria: Liedeboek van Hester van den Heever, (geb. Van Zijl).
5. G.G.CILLIE, 'Kosbaarder as goud' — 'n geskrewe liedboek uit Steynsrust, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(1), Jan. 1990, p. 30.
6. E.SMIT, Dagboek van . . . in G.S.PRELLER (red.), *Voortrekkermense* II (Kaapstad, 1920), p. 239.
7. J.PRINSEN, *Handboek tot de Nederlandsche Letterkundige Geschiedenis* ('s Gravenhage, 1916), p. 399.
8. A.P. SMIT, *Na tweehonderd jaar. Nederduits Geref. Gemeente Swartland* (Kaapstad, 1945), pp. 103-104.
9. H. BERKHOF, *Geschiedenis der Kerk* (Nijkerk, 1955), p.242.
10. H. LICHTENSTEIN, *Travels in Southern Africa* 1 (Van Riebeeck-Vereeniging, nr. 10, 1928), p. 177.
- ll. Voortrekkermuseum, Pietermaritzburg: Geskrifte van Dorothea Goosen.
12. H.C.H.Moquette, *De Vrouw. Maatschappelijk leven*. (Amsterdam,1915), p.71.
13. J.PRINSEN, *Handboek tot de Nederlandsche Letterkunde* ('s-Gravenhage, 1916), p. 364.
14. MARY ANN PARKER, *A voyage round th world in th Gorgon Man of War* (London, 1795), pp. 55 en 57.
15. W.E.G.LOUW, Mooi ou 'Liedeboek' van 150 jaar gelede duik weer op, *Die Burger*. 14 Mei 1960.
16. Hugenote-Gedenkmuseum, Franschhoek.
17. Argief van die Ned. Geref. Kerk, Kaapstad: Singboek van die familie Burger.
18. G.G.CILLIE, 'Kosbaarder as goud' — 'n geskrewe liedboek uit Steynsrust, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(1), Jan. 1990, p. 39.
19. Argief van die Ned. Geref. Kerk, Kaapstad.
20. W.E.G.LOUW, *Eienares van ou Liedeboek* word haarfyn opgespoor, *Die Burger*, 21 Mei 1960; Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad: MOOC 7/1/131 nr. 77.
21. C.C.DE VILLIERS & C. PAMA, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (Kaapstad, 1981). p. 381.
22. Argief van die Ned. Geref. Kerk, Kaapstad: Liedeboek van die familie Burger, G.G.CILLIE 'Kosbaarder as goud' — 'n geskrewe liedboek uit Steynsrust, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(1), Jan. 1990, p. 30.
23. C.C. DE VILLIERS & C.PAMA, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (Kaapstad, 1981). pp. 254 & 1083.
24. Liedeboek van Anna Remmerta Bester, J.A.HEESE & R.T.J.LOMBARD, *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* (RGN, Pretoria, 1981). p. 369.
25. Liedeboek van Remmetta Bester.
26. C.C.DE VILLIERS & C. PAMA, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (Kaapstad, 1981). p. 297.
27. C.C.DE VILLIERS & C. PAMA, *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* (Kaapstad, 1981). p. 1169.
28. J.A.HEESE & R.T.J.LOMBARD, *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* (RGN, Pretoria, 1981). p. 369.
29. G.THOM, *Levensbeschrijving van Mej. C.L.Thom* (Kaapstad, sj.), p. 1.
30. L. ROMPEL-KOOPMAN, *In kt land wn Piet Retief* (Pretoria, 1919), pp. 53-54.
31. E. SMIT, Dagboek van . . . in G.S.PRELLER, *Voortrekkermense* II (Kaapstad, 1920). p. 123.
32. W.J. DE KOCK en D.W.KRUGER (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woerdeboek* II (Kaapstad/Johannesburg, 1972), p. 845.
33. G.G.CILLIE, 'Kosbaarder as goud' — 'n geskrewe liedboek uit Steynsrust, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(1), Jan. 1990, p. 34.
34. W.J.DE KOCK en D.W.KRUGER (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woerdeboek* II (Kaapstad/Johannesburg, 1972), p. 845.
35. ANNA DE VILLIERS, *Barrevoets oor Drakensberg*, (Johannesburg, 1975), p. 58.
36. J.J. KICHERER, *Dagboek, Gemeenzame Brieven en eenzame Overdenkingen van L.C. geschreven door wylend jufvrouw Catharina Allegonda wn Lier aan Cabo de Goede Hoop* (Utrecht, 1804), p. 52.
37. ADAM TAS, *Dagboek van . . .* (red. L. Fouché) (Kaapstad, 1970).p. 118.
38. G.G.CILLIE, Die melodie-aanwysings in die bundel *Dertig Lieder* van Daniel Christiaan Esterhuyse, *Suid-Afrikaanse Tvdskrif vir Kultuurgeskiedenis* 3(4), pp.325-332.
39. G.G.CILLIE, 'Kosbaarder as goud' — 'n geskrewe liedboek uit Steynsrust, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(1), Jan. 1990, p. 30.
40. G.G.CILLIE, 'Kosbaarder as goud' — 'n geskrewe liedboek uit Steynsrust, S.A. *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(1), Jan. 1990, pp. 30-41.
41. K.MALHERBE, *Die Boerevrou-Boek* (Pretoria, 1950), p. 123.
42. JAN BOUWS, *Solank daar musiek is...* (Kaapstad, 1982), p. 60.
43. G.G.CILLIE, 'Kosbaarder as goud' — 'n geskrewe liedboek uit Steynsrust, S.A. *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 4(1), Jan. 1990, p. 34; JAN BOUWS, *Solank daar musiek is* (Kaapstad, 1982), p. 65.
44. JAN BOUWS, *Solank daar musiek is . . .* (Kaapstad, 1982). p. 65.
45. JAN BOUWS, *Solank daar musiek is . . .* (Kaapstad, 1982). p. 65.

46. *Die Burger*, 21 Mei 1960; J. HOGE, Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*,(Negende jaargang, sj.) p. 193.
47. W.E.G.LOUW, Mooi ou liedeboek duik weer op, *Die Burger*, 14 Mei 1960.
48. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad: sterfkennis, MOOC 6/9/3, nr. 533.
49. Kaapse argiefbewaarplek, Kaapstad: Inventaris, MOOC 7/1/127, nr. 213.
50. Transvalse Argiefbewaarplek, Pretoria: A29 1.
51. A.VLAANDEREN, *Teekens en symbolen* (Amsterdam, 1946), p. 60.
52. R. BISHOP, *Quilts, coverlets, rugs and samplers* (New York, 1982), p. 170.
53. A. VLAANDEREN, *Teekens en symbolen* (Amsterdam, 1946). p. 60.
54. P. LEWIS & G. DARLEY, *Dictionary of Ornament* (London, 1986), p.303.
55. J. LIPMAN, *Techniques in American Folk decoration* (New York, 1972), p. 144.
56. J.C.COOPER, *An illustrated encyclopaedia of traditional symbols* (London, 1978). p. 30.
57. R. PEESCH, *The ornament in European Folk Art* (New York, 1982). p. 169.
58. J.C.COOPER, *An illustrated encyclopaedia of traditional symbols* (London, 1978). p. 184.
59. G. HEINZ-MOHR, Lexicon der Symbole (Keulen, 1984), p. 115.
60. A. TEENSTRA(red.), *Nederlandse Volkskunst* (Amsterdam, 1941), p. 23.
61. H.J.KAUFFMAN, *Pennsylvanian Dutch American Folk Art* (New York 1964), p. 31.
62. G. HEINZ-MOHR, *Lexicon der Symbole* (Keulen, 1984), p. 129.
63. R. PEESCH, *The ornament in European Folk Art* (New York 1982), p. 127.
64. J.C.COOPER, *An illustrated encyclopaedia of traditional symbols* (London, 1978). p.21.
65. J.C.COOPER, *An illustrated encyclopaedia of traditional symbols* (London, 1978). p. 159.
66. J.C.COOPER, *An illustrated encyclopaedia of traditional symbols* (London, 1978), p.159.
67. R. PEESCH, *The ornament in European Folk Art* (New York, 1982). p. 194; B.B.GARVAN & C.F.HUMMEL, *The Pennsylvanian Germans. A celebration of their arts 1683-1850* (Philadelphia Museum of Art, 1982). p. 161.
68. *Die Burger*, 14 Mei 1960.
69. J.AYRES, *British Folk Art* (London, 1977). p.91.
70. J.C.PRETORIUS (red.), *Op trek* (Melville, 1988), p. 189.
71. J.C.PRETORIUS (red.), *Op trek* (Melville, 1988), p. 189.
72. Mondelinge mededeling 21-01-1991: Vasilios Lianouridis, *restourateur* (papier), *Nationale Kultuurhistoriese Museum*, Pretoria.
73. J.AYRES, *British Folk Art* (London, 1977). p. 91.
74. H.J.KAUFFMAN, *Pennsylvania Dutch American Folk Art* (New York, 1964), p.30.
75. Mondelinge mededeling 21-01-1991: Vasilios Lianouridis, *restourateur* (papier), *Nationale Kultuurhistoriese Museum*, Pretoria.